

Moenie worry nie

- Stoffel: [Druk besig om 'n paar goedjies in 'n mandjie te sit.] Mmmm... ooo.. emm.. ja ... nee....
- Lizzy: Lalalalalaaa.... O môre, Stoffel! Hoe gaan dit met jou vandag?
- Stoffel: O... Môre Lizzy!.... Dit gaan OK ...Jy moenie my nou pla nie. Ek is baaaie besig!
- Lizzy: Besig? En met WAT is jy nogal besig?
- Stoffel: Ek is besig om baie belangrike besluite te neem en ek kan nie konsentreer as jy hier om my sing nie!
- Lizzy: [giggel] Hiehiehieee.... Jammer dat ek lag! Maar jý KONSENTRER?! Dit gebeur nie baie nie! [probeer haar lag hou] Gmmmmph...
- Stoffel: [Vies] As jy weet waarmee ek besig is , sal jy GOU jou lag sluk, meisiekind!
- Lizzy : Nou vertel my dan wat is so Top Secret dat dit jou laat konsentreer???
- Stoffel: Juffrou het ons gister vertel van al woeste brande wat baaaie mense se huise, tuine, karre en ag, sommer al hulle goeters afgebrand het.
- Lizzy: O ja! Ek het ook gehoor daarvan. My Juffrou sê baie mense het niks meer oor nie!
- Stoffel: Nou toe begin ek 'n bietjie dink.....As ons huis aan die brand sou raak en ek net 'n paar minute het om my belangrikste goeters in te pak: wat sal ek inpak?
- Lizzy: O.. so dis wat jy nou besig is om te doen. Wat het jy al alles besluit om in te pak?
- Stoffel: O, ek het my X-box en my krieket bat al in.... maar ek kan nie besluit of ek my rugbybal of teddiebeer moet vat nie...en dan is daar nog die foto'sooo , en my Bybel....dis n GROOT besluit!
- Lizzy: Haai Stoffel.. Sjoe, dit is nogal n GROOT besluit.. Ek wonder wat ek sal vat.. mmmmm.....o defnitief my Ballerina Barbiepop en my heel mooiste kerkrok! O.. en natuurlik my halssnoer wat ek by my ouma geërf het!
- Stoffel: En wat van jou Bybel...huh?
- Lizzy: Ja, ek sal my Bybel ook moet vat.... o goeiste... dit raak nou al 'n klomp goed En wat van kos en klere? Ek kan nie vir altyd in my kerkrok loop nie! Ai, Stoffel, ek raak nou baie bekommerd! Wat sal ons eet en watter klere gaan ons aantrek...
- Stoffel: Jaaa! Nou is ek ook sommer baaaaaaaaaie bekommerd.....
- Lizzy: O... Stoffel, wat gaan van ons word?! [begin sommer huil]
- Wysmuis: Hallo julle! Lizzy , waarom huil jy ?... Stoffel wat het jy nou weer aangevang?
- Stoffel: Ek ? Nee... dis sy wat nou skielik net begin huil het. Ek het net gewonder oor wat ek als moes inpak as hier n brand sou kom...toe raak sy heeltemal h...h...histeries!!!!
- Lizzy: [snik-snik] Ai ou Wysmuis.... Ag ek is sommer net bekommerd oor wat van ons gaan word as daar n brand kom en ons alles verloor wat ons het...[snuif snuif] . Net soos die mense waarvan juffrou ons vertel het.
- Wysmuis: Toemaar, toemaar, Lizzy. Dis alles reg. Ek weet dit is baaaie erg wat met die mense gebeur het. Die brande het alles verwoes en so baie van hulle het niks meer oor nie. Maar jy hoef nie te huil nie....
- Lizzy: Huh... Hoekom se jy so Wysmuis?
- Stoffel: Huh ...ja , wat bedoel jy Wysmuis? Is jy dan nie bekommerd nie?
- Wysmuis: Weet julle hoekom is ek nie bekommerd nie, want in die Bybel sê Jesus vir ons dat ons ons oor NIKS hoef te bekommer nie! Ons Vader [dis mos eintlik God] weet presies wat ons nodig het en Hy sal vir ons sorg!
- Stoffel: En waar staan dit miskien in die Bybel?

Wysmuis: In Matteus 6. Jesus sê daar dat ons net 'n bietjie rondom ons moet kyk . Het julle al na die voëljies gekyk? Of die pragtigste veldlelies gesien? Die voëljies het altyd genoeg om te eet en die lelies lyk so mooi, omdat God vir hulle sorg. Jesus sê dat God nog baie beter na ons kyk want ons is baie kosbaarder vir Hom. Hy sal altyd sorg en ons moet dit net eenvoudig glo!!

Lizzy: Haai Wysmuis... dis die beste nuus wat ek nou nog vandag gehoor het! Ek voel sommer baie beter en weet jy wat? Ek gaan my nie meer een oomblik bekommer nie ! God sal sorg!!!

Stoffel: Ja, dankie, Wysmuis. Gelukkig ken jy jou Bybel goed! Ek gaan ook nie meer *worry* nie! Haai, Oom Frans! Kom ons sing daai liedjie van "Kyk hoedat die voëljies vlieg" Asseblief!

[Petru Vlok 2017]